



eduresourceza.com



REDHILL HIGH SCHOOL

GRAAD 12 PROEFEKSAAMEN 2021

13 SEPTEMBER 2021

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

AFDELING A LEESBEGRIP
VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL

- 1.1 Dit moes a.g.v. Covid / weens die pandemie uitgestel word. (1)
- 1.2 'n Video van die atlete wat tydens die pandemie tuis oefen. ✓
(Pienk) vuurwerke / vuurwerkvertoning. ✓ (2)
- 1.3 Frankryk ✓ en Amerika. ✓ (name van 2 lande) (2)
- 1.4 Hulle was bang dit sou 'n superverspreider-byeenkoms wees / die virus
sou verder versprei / die pandemie vererger. (1)
- 1.5 Waar. ✓
"Plaaslike toeskouers sal by slegs 'n handjievol fasiliteite toegelaat
word." ✓ (Moet hele sin aanhaal.) (2)
- 1.6 "n paar honderd" / "Minder as 1000" / "amper leë stadion" ✓✓
(2 frases van drie woorde) (2)
- 1.7 Die betogers wou nie hê die Spele moes voortgaan nie, a.g.v. Covid/
die pandemie. (1)
- 1.8 Die atlete / hulle wou die atlete nie in die steek laat nie. (1)
- 1.9 Dit was vanjaar nie so skouspelagtig nie / nie die hoogtepunt nie / daar
was minder as 1000 afgevaardigdes teenoor derduisende van vorige
Spele / daar was vanjaar geen borge by die seremonie nie / die stadion
was byna leeg. (Enige een) (1)

[13]

VRAAG 2 ADVERTENSIE

- 2.1 “weer” (slegs een woord) (1)
- 2.2 2.2.1 Hoender. (1)
- 2.2.2 Die logo is ‘n hoender(haan). (1)
- 2.3 Tatjana is Suid-Afrikaans en het hier geoefen en voorberei vir die
 Olimpiese Spele. (½)
- Die Spele is in Japan waar sy haar slag gewys het/presteer het. (½) (1)
- 2.4 Rikke Moller Pedersen. (1)
- 2.5 Mzansi. (1)
- 2.6 D (1)
- [7]**

VRAAG 3 STROKIESPRENT

- 3.1 3.1.1 Hy kom van die skool af. (1)
- 3.1.2 Boeta het 'n skooltas in sy hand / dra 'n skoolbaadjie / skoolklere. (2)
- 3.2 3.2.1 Masker(s) (een woord) (1)
- 3.2.2 Om hulle te beskerm teen die Corona-virus / die pandemie /
 siektes / sodat hulle nie siek word nie / die virus optel nie /
 gesond bly. (1)
- 3.3 Hy draai sy gesig na Boeta toe/ weg van Ma af / praat agter sy hand.
 (NB – lyftaal!) (1)
- 3.4 Sy kook / maak kos / is besig met middag-/aandete / was skottelgoed
 (aksie – nie net “sy is in die kombuis nie”) (1)
- 3.5 Pa rook. (1)
- 3.6 3.6.1 Betaal. (1)
- 3.6.2 Onwettige handel / koop gesteelde goedere. (1)
- [10]**

30 punte

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4

Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:

- Sinne moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee feite. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde of infinitief moet gebruik word om twee feite te verbind.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Indien kandidaat twee sinne per punt skryf, word slegs eerste sin gemerk.

- Sinne mag nie direk uit teks aangehaal word nie, maar kandidaat mag woorde/frases uit teks gebruik.
- Taalfoute word nie meer gepeenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepeenaliseer nie tensy dit betekenis beïnvloed.
- Minus $\frac{1}{2}$ vir elke direkte aanhaling, dus $2\frac{1}{2}$ in totaal.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- 'n/en/die (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.
- Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

1. Caeleb Dressel is 'n swemmer van Amerika/die VSA ✓ wat in 2019 agt (2)
medaljes op die wêreldkampioenskap gewen het / wat tans die
wêreldrekord in die 100 m vlinderslag hou / wat hoop om die derde
wenner van 3 goue medaljes op een Spele te wees. ✓
2. Simone Biles is 'n Amerikaanse gimnas ✓ wat as die beste van alle tye (2)
beskou word. / wat hoop om meer as vier goue medaljes by die Spele te
wen / doen baie gevaarlike en tegnies moeilike toertjies. ✓
3. Maria Lasitskene is 'n hoogspringatleet van Rusland ✓ en sal onder 'n (2)
neutrale vlag kompeteer omdat Rusland nie mag deelneem nie/ al
sedert 2015 die beste hoogspringatleet / wat in 2015, 2017 en 2019
goue medaljes by wêreldkampioenskappe gewen het ✓
4. Ariarne Titmus, die Australiese swemmer ✓ hoop om die beste in die 400
m vryslag te wees / het vir Katie Ledecky in 2019 by die
wêreldkampioenskap gewen. ✓ (2)
5. Wayde van Niekerk, die naelloper van Suid-Afrika ✓ was die eerste atleet
om in die 400, 200 en 100 m te wen / het verlede maand in Spanje die
beste tyd in die 400m behaal. ✓ (2)
(75 woorde)

[10]

AFDELING C

POËSIE

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

- 5.1 5.1.1 'n Onderwyser / berader /sielkundige / ouer / raadgewer. (1)
5.1.2 Tieners. (1)
- 5.2 Dit is 'n opdrag / bevel / instruksie. (Sinsoort) ✓
Dit beklemtoon die dringendheid van die opdrag. ✓ (2)
- 5.3 "sit" (slegs een woord) (1)
- 5.4 5.4.1 Dit is woorde wat tieners soms gebruik/uiter / tiener se direkte woorde. (1)
5.4.2 Selfmoord / Selfdood. (Slegs een woord) (1)
5.4.3 D. (eufemisme) (1)
5.4.4 Jy voel alleen / Ander spot/verwerp jou / Ander hou nie van jou nie / Jou fisiese voorkoms is onaanvaarbaar/lelik / Die toekoms lyk donker / Daar is nie antwoorde op jou vrae nie / Jy pas nie in nie / Jy is nie aanvaarbaar vir ander nie / Niemand verstaan jou/jou pyn/jou hartseer nie. (Enige een. Eie woorde) (1)
- 5.5 Enjambement. (1)
- [10]**

VRAAG 6

- 6.1 Strofe 1 – formeel, Strofe 2 – informeel / tienertaal / baie Engels. ✓ (2)
Strofe 1 – volwassene/ouer persoon wat praat, Strofe 2 –
(arrogante/rebelse) tiener. ✓
- 6.2 Die pa het dalk in sy pa/die seun se oupa se voetspore gevolg / 'n (1)
broer of suster volg dalk reeds in die pa se voetspore.
- 6.3 Waar. ✓ “No ways Meneer” ✓ (slegs 3 opeenvolgende woorde) (2)
- 6.4 6.4.1 Sy besigheid / eiendom / besittings / geld / aandele / finansiële (1)
bates.
- 6.4.2 Sy spiere / gespierde liggaam/lyf / fisiese voorkoms. (1)
- 6.5 6.5.1 Die gimnasium / gim / sportveld. (1)
- 6.5.2 Hy wil die meisies met sy lyf beïndruk / Die meisies hou van
sy/n gespierde lyf / van goeie sportmanne / seuns wat fiks,
gespierd en sportief is. (1)
- 6.6 Sonder geld kan hy nie sy lewenstyl volhou nie. / Hy het geld nodig om
meisies te trakteer. (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

- 7.1 Jy raak verlief op iemand / iemand slaan jou voete onder jou uit. (1)
- 7.2 Die spreker wou dalk 'n lelike / kru / vloekwoord gebruik. (1)
- 7.3 7.3.1 Anafoor / Anafora. (1)
- 7.3.2 Hy probeer beskryf hoe hard hy geval het / hy probeer sy gevoelens verwoord. (1)
- 7.4 “vernederd” (een woord)
- 7.5 Spook, swaeltjie, seiljag. (2 x ½) Enige twee. (1)
- 7.6 7.6.1 tersine (½) (½)
- 7.6.2 koeplet (½) (½)
- 7.7 Seun. Enige sinvolle antwoord bv. hy vergelyk haar met 'n swaeltjie / beskryf haar as mooi / bewyse van hoe hard hy geval het sluit aan by seun se ervaring/woordeskat/leefwêreld. (1)
- 7.8 Letterlik: sy moet hom fisies help om regop te kom / op te staan. (1)
- Figuurlik: hy is verlief en hoop sy sal daarmee kan help, m.a.w. ook vir hom val (1)

[10]

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID
VRAAG 8 SINSTRUKTURE

- 8.1 Die department **betaal** onderwysers hopeloos te min. (1)
- 8.2 Vroeër vandag **het** die vrou met haar ma in die kombuis **gestaan en praat**. (1)
- 8.3 Die kinders wat in die kombuis **is**, **steur** hulle nie aan reëls nie. (1)
- 8.4 Die ma behoort **al** die kinders gedurende die vakansie **op te pas**. (1)
- 8.5 Die kinders het baie energie, daarom **gaan** die ma na die vakansie doodmoeg **wees**. (1)
- 8.6 Die ma vra vir haar dogter of die onderwysdepartement die onderwysers by haar kind se skool genoeg **betaal**. (1)
- 8.7 Die dogtertjie skakel die radio aan omdat **sy** na 'n storie **wil luister**. (1)
- 8.8 Nee, **ek het nog nooit** soveel stout kinders saam in een kombuis **gesien nie**. (1)
- 8.9 Die kinders **kan** gedurende die vakansie **deur** die ma **geleer word** om beter maniere te hê. (1)
- 8.10 **Al probeer** die ma baie hard om die kinders te dissiplineer, **luister** hulle nie vir haar nie. / **Al luister** die kinders nie vir haar nie, **probeer** die ma baie hard om hulle te dissiplineer. (1)
- 8.11 Verlede week **wou** die kinders hul eie ding **doen** $\frac{1}{2}$ **toe** ✓ die vrou die wasgoed **gewas het**. $\frac{1}{2}$ (2)

[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

- 9.1 Suid-Afrika
- 9.2 goeie
- 9.3 So
- 9.4 komende
- 9.5 eerste
- 9.6 verbaasde
- 9.7 oë
- 9.8 beloninkie
- 9.9 glo
- 9.10 amper
- 9.11 beste
- 9.12 verrassing
- 9.13 wêreldwyd
- 9.14 opgewonde
- 9.15 wie
- 9.16 lewenslank

(16 x ½) **[8]**

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

- Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.
- Kandidate moet die vetgedrukte woorde in reaksie/gevoel omskryf.
- Gegewe woord mag nie gebruik word nie.
- Spelling word nie gepeenaliseer nie tensy betekenisverandering plaasvind.
- By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.
- $\times \frac{1}{2}$ = inhoud; $2 \times \frac{1}{2}$ = taal
- Minus $\frac{1}{2}$ per tipe taalfout per Vraag (10.1/10.2, ens.) in kommunikasievraag.
- Kandidaat mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.
- Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan kandidaat nog punt vir taal kry.
- Direkte rede is 'n vereiste.
- Kandidate moet by voorgeskrewe lengte hou.
- Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woorde toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.
- MINUS HALFPUNT PER RESPONS WAT MINDER AS 15 OF MEER AS 20 WOORDE LANK IS.

- 10.1 Goeiemore, Graad 1's en ouers/mammas en pappas. Welkom! Ek hoop dat julle die jaar saam met my gaan geniet. (2)
(19 woorde)
[Groet en wens vir die jaar] I-1 T-1
- 10.2 Toemaar, Tommie, moenie bang wees nie. Ek belowe dat jy die werk en aktiwiteite baie gaan geniet. (2)
(17 woorde)
[Troos en belofte vir iets genotvols] I-1 T-1
- 10.3 Ek is doodbang vir hierdie juffrou. Ek wonder of sy my sal slaan as ek iets verkeerd doen. (2)
(17 woorde)
[Vrees en wat gaan gebeur] I-1 T-1
- 10.4 Ek wantrou hierdie juffrou. Ek dink nie sy is opreg en werklik lief vir die kinders nie. (2)
(17 woorde)
[Vertrou nie en rede] I-1 T-1
- 10.5 Ag nee!/Maggies! Hou nou op met huil, anders gaan jy nie die naweek na Kosie se partytjie toe nie! (2)
(18 woorde)
[Geïrriteerde uitroep en dreigement/straf] I-1 T-1

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte

DIE EINDE
